

SENDING EN EKUMENE IN DIE FAMILIE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Prof J C Adonis (US)

Inleiding

Die vraag wat ek in hierdie bydrae aan die orde wil stel, is hoe die familie van N G Kerke in die loop van die geskiedenis die begrippe **sending** en **ekumene** verstaan en beoefen het en wat die uitkomst daarvan was in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die benaming familie van N G Kerke verwys na die N G Kerk wat as oudste Gereformeerde Kerk (Coertzen: 2002) sendingwerk onder die inwoners van die land gedoen het. Uit hierdie sendingwerk is daar in die loop van die geskiedenis 'n aantal kerke onder die bevolkingsgroepe gestig wat later bekend gestaan het as N G Sendingkerke.

Blykens die geskiedenis van die christenheid in die wereld is sending en ekumene in die loop van die geskiedenis op die aller nouste wyse met mekaar verbind. Na my oordeel het dit ook nie anders in Suid-Afrika gebeur nie. In haar doktorsale proefskrif "Ecumenism in South Africa 1936-1960" kom dr Elfriede Strassberger tot dieselfde konklusie (Strassberger : 1974). Die ekumeniese beweging het uit die sending van die kerke en ander christelike organisasies ontwikkel.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Sending

Die NGK het reeds op 'n vroeg stadium sendingwerk gedoen. Reeds by hul eerste sinode vergadering in 1824 het hulle die amp van sendeling ingestel (Dreyer : 1927: 10). Tydens die daarop volgende sinode twee jaar later is hul eerste sendeling in die persoon van Leopold Marquard van Duitse afkoms in die NGK georden. Daar is by die geleentheid ook 'n Reglement vir die ordening van sendelinge opstelsel. Vir die NGK was dit die begin van 'n omvangryke sendingwerkzaamheid wat tot op hede voortduur. In hierdie verband vermeld ek slegs vier bronne waarin die omvang van hul sendingwerk beskryf word, nl. G B A Gerdener, "Recent Developments in the South African Mission field", Die vier boekdele van P B van der Watt, "Die Nederduitse Gereformeerde Kerk" (1905 – 1975); J M Cronje, Aan God die dank, Deel 1 ; D Crafford, Aan God die dank 2". Hierdie sendingwerk sluit ook die werksaamhede in ander Afrika lande in.

Daar is etlike faktore en gebeurtenisse wat 'n bepaalde invloed op die NGKerk en sy verstaan en praktyk van die sending in die gang van die geskiedenis gehad het. Twee van die belangrike oorsake van die Groot Trek (1834-1854) was die vrystelling van die slawe in 1834 en die liberale politiek van die Engelse owerheid aan die Kaap ten opsigte van die Khoikhoi. Die politieke en sosiale gelykstelling tussen Khoikhoi en Blankes soos voorgestaan deur die Kaapse owerheid, was vir die Voortrekkers onaanvaarbaar. Die Voortrekkers het in die grondwette van die Twee Boere- Republieke, Oranje Vrystaat en Transvaal uitdruklik vermeld dat geen gelykstelling tussen swart en blank toegestaan sal word nie. Hierdie beleid van geen gelykstelling in die twee Republieke is ook deur die NGK aanvaar. Aangesien sommige sendelinge van die Londense Sendinggenootskap (LMS) voorstanders van die beleid van gelykstelling was, was die Voortrekkers teen hulle gekant en hulle is nie in hul gebiede toegelaat nie. Die Voortrekkers het verkies dat Duitse sendelinge in hul gebiede moes kom werk. Hierdie beleid van geen gelykstelling in die twee Republieke was 'n groot struikelblok vir die sending van die NGKkerke in hierdie gebiede.

Op die NGK Sinode van 1857 is daar besluit dat daar waar dit moontlik is om gesamentlik te aanbid mag dit gebeur maar daar waar dit nie kan nie, sal dit apart geskied.

2.

Kerkstigting was en is 'n belangrike doelstelling van die NGK se sendingaktiwiteite. Dit is hulle beleid om 'selfstandige kerke,' dit wil se selfregerende, selfonderhoudende en self-uitbreidende kerke onder die swart volkere en etniese groepe te stig. In hierdie beleid van kerkstigting is die NGK in mindere of meerdere mate beïnvloed deur verskillende konfessionele tradisies soos byvoorbeeld die Gereformeerdes in Nederland, Pietisme, Angel-Saksiese en Duits-Lutherse sending. Die NGK het die begrip 'selfstandige kerke' opgevat in die betekenis waarin Henry Venn die Anglikaan dit gebruik het en nie soos Rufus Anderson die Amerikaanse Kongregasionalis dit verstaan het nie. Venn sien die selfstandigheid van die inheemse kerk as eindproduk van 'n ontwikkelingsproses terwyl Anderson van die selfstandigheid uitgaan. Gedurende die proses van selfstandigwording van die Swartkerke vervul die blanke NGK sy rol as voog totdat hierdie kerke hul 'selfstandigheid' bereik het.

Die NGK het weliswaar nie die sendingmetode van volkskerstening soos deur Gustav Warneck (1834-1910), Bruno Gutmann (1876-1966) en Christian Keysser (1877-1961) voorgestaan, oorgeneem nie, maar het die feit dat die Swartmense nie uit hul natuurlike gemeenskapsbande gehaal moet word nie, swaar benadruk. Dit het beteken dat die kultuur en volksgebruike van die Swartmense deur die Evangelie gesuiwer moet word. Uiteraard het hierdie beklemtoning van die beskerming van die natuurlike volksverbande ook invloed gehad op hul beleid van kerkstigting. In hul beleid van kerkstigting speel die faktor ras 'n geweldige belangrike rol en wel so dat hierdie beleid van kerkstigting eindelik 'n beleid vir die stigting van rasse-kerke is. Hul sendingbeleid is nie net sterk beïnvloed deur die rassevraagstuk nie maar ook beslissend daardeur bepaal. Hierdie beleid van kerklike apartheid kom nie van die verskillende konfessionele tradisies nie maar van die NGK self en wel van die tradisionele opvatting van die Afrikaners dat daar geen gelykstelling tussen swart en blank sal wees nie.

Uit die omvangryke sendingwerk van die NGK oor 'n lang periode in Suid-Afrika is die volgende kleur bepaalde kerke gestig, naamlik die N G Sendingkerk (1881) vir "Kleurlinge", die N G Kerk in Afrika (1910; 1932, 1951, 1952) vir Swartmense en die "Reformed Church in Africa" (1968) vir Indiers. Hierdie drie "dogter" kerke het ook deel uitgemaak van die ekumeniese strukture van die familie van NGKerke. (Van der Merwe, Kaapstad :1985)

Die soeke na groter kerklike samewerking (ekumene)

In 1860 het die Kaapse NGK 'n groot sendingkonferensie te Worcester gehou. Hierdie interkerklike konferensie met sy 400 afgevaardigdes is bygewoon deur Lutherse, Metodiste, Morawiese, Episkopaalse, Independenten en Presbiteriaanse kerke (Gerdener, 1952:32-72). Hierna is soortgelyke konferensies oor die hele land gehou en die uiteindelijke gevolg hiervan was die stigting van die interkerklike "General Missionary Conference of South Africa" (GMCSA) in 1904 (Gerdener, 1952:144). Die doel van hierdie **ekumeniese liggaam** GMCSA was om die onderlinge samewerking tussen kerke en sendinggenootskappe te bevorder en te waak oor die belange van die 'Naturelle' in die algemeen. Die GMCSA het agt sendingkonferensies gehou voordat dit in 1936 opgehou het om te bestaan. In 1936 het die GMCSA opgegaan in die inmiddels opgerigte "Christian Council of South Africa" (CCSA), wie se naam in 1968 weer verander is na "The South African Council of Churches" (SACC).

Drie jaar na die stigting van die GMCSA is "Die Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika" op 5 Maart 1907 opgerig. Dit was 'n Federale Raad van die vier bestaande NGKerke in die vier provinsies, Kaap, Transvaal, Natal en Oranje Vrystaat (Strassberger, 1971:72). Die armoede en slegte ekonomiese omstandighede van duisende Afrikaners het die NGKerke tot nouer samewerking gebring. Die behoefte aan 'n gemeenskaplike sending- en rassebeleid was ook een van die redes waarom die vier kerke tot nouer samewerking besluit het. Vanuit hierdie Raad van NGKerke is die eerste begin van

3.

n gesamentlike sendingbeleid vir die vier kerke gemaak. Hierdie beleid sou eers later sy volledige, definitiewe en amptelike vorm kry, maar reeds in die eerste periode het die vier afsonderlike kerke begin om mekaar wedersyds oor sake rakende die sending te raadpleeg. Op inisiatief van die Raad van NGKerke is 'n interkerklike en veelrassige konferensie in September in Johannesburg oor die rassevraagstuk gehou. Die konferensie was bygewoon deur verteenwoordigers van verskillende kerke en sendinggenootskappe waartydens D.S.Botha, voorsitter van die Algemene Sendingkommissie van die Kaapse NGK, ook as voorsitter opgetree het. Volgens R T J Lombard was hierdie konferensie:

“van mening dat absolute segregasie nie moontlik en ook nie wenslik is nie, maar het hom nogtans ten gunste van die beginsel van gedifferensieerde ontwikkeling vir die Bantoe verklaar, indien sodanige differensiasie gebaseer is op “Bantu tradition and requirements, and is not use as a means of repression” (Lombard, 1974 :42).

Hierdie konferensie het 'n belangrike invloed op die sendingbeleid van die NGK gehad.

In 1925 het die Raad van NGKerke die Naturellesakekommissie in die lewe geroep. Die bedoeling was dat hierdie kommissie haar veral sal besig hou met die sending en rassevraagstuk in die land. Dit is interessant dat volgens Gerdener (Die Kerkbode, 24 Februarie 1937) die Naturellesakekommissie in die latere jare die NGKerke aangemoedig het om by die “Christian Council of South Africa” aan te sluit.

Die volgende interkerklike konferensie wat ook op inisiatief van die NGK gehou is, was in September 1926 te Bloemfontein. Tydens hierdie konferensie was daar verteenwoordigers van die Anglikaanse, Presbiteriaanse, Methodiste, Baptiste en Kongregasionaliste kerke. wat onder andere besluit het dat “it was not necessarily contrary to Christian principles to seek the progress of the native people separately from the whites” (Strasseberger, 1971:301) Op die konferensie is die vier wetsontwerpe van die Eerste minister J B M Hertzog bespreek. Hierdie wetsontwerpe het oor die “Naturelle en Kleurlinge” gehandel en is op 23 Julie 1926 in die parlement bespreek :

i) Die Wetsontwerp op Volksraadsverteenvoording van “Naturelle”. Die bedoeling van hierdie wet was om die “Naturelle” in die Kaapprovinsie van die gemeenskaplike kieserslys te verwyder. In die plek daarvan kon Blankes gekies word om hulle in die Volksraad te verteenwoordig.

ii) Die Unie-Naturelleraadswetsontwerp. Hiervolgens word voorsiening gemaak vir die instelling van 'n Raad van “Naturelle” met adviserende en beperkte wetgewende bevoegdheid,

iii) Die Naturelle Grond Wysigingswetsontwerp. Die bedoeling was dat Blankes, in terme van die 'Native Land Act' van 1913, grond afsonder vir die 'Naturelle' wat hulle kan aankoop.

iv) Die 'Kleurlingregte' Wetsontwerp. Met hierdie wetsontwerp wou Hertzog die 'Kleurlingstemreg' in die Kaapprovinsie uitbrei na die ander provinsies (Davenport, 1978: 206).

4.

Die verteenwoordigers van die NGK op die konferensie het almal hul goedkeuring aan die wetsontwerpe van Hertzog geheg (De Kerkbode, 6 Oktober 1926:480) Die konferensie het ook die sluiting van rasgemengde huwelike afgekeur, maar “the Native Vote was not discussed so that the harmony which had marked the meeting would not be marred” (Strassberger, 1971 :301)

‘n Ander faktor wat invloed op die sendingbeleid van die NGK gehad het, was die armblankes vraagstuk in die twintiger en dertiger jare. Gedurende die jare was die meeste armblankes Afrikaners. Volgens die bevolkingsstatistiek van 1926 het die Afrikaners 57.5% van die blanke bevolking uitgemaak en J.W.F Grosskopf vermeld dat uit elke vyf Blankes daar een Afrikaner in die kategorie ‘armblankes’ geval het (Grosskopf, 1932 : ppvii-viii)

In die periode moes groot getalle Afrikaners, ten spyte van die Eerste minister Hertzog se “civilised labour” beleid wedywer met die goedkoop arbeid van talryke “Naturelle”. Binne die NGK was hierdie armblanke vraagstuk bespreek in samehang met die rassevraagstuk of “Naturellevraagstuk” soos dit in die tyd genoem is. Die armblanke vraagstuk is gevolglik op ‘n Volkskongres bespreek wat toe tot die konklussie gekom dat die oplossing van die rassevraagstuk die enigste waarborg is dat die armblankes (Afrikaners) nie verswelg sou word deur die “Naturelle” nie. Die belangrikheid van die rassevraagstuk was dus vir die Afrikaner ‘n saak van sy oorlewing. Gedurende die tyd was die groot vrees van die Afrikaners nie dat hulle geassimileer sou word deur die Engelssprekende blanke gemeenskap nie maar dat hulle verswelg sou word deur die getalsterkere “Naturelle”. Dit is om die rede dat daar vanuit die NGK en die Afrikaner gemeenskap so ‘n geweldige stryd teen die vermenging van swart en blank gevoer is en dat daar voortdurend gewys is op die gevaar van dergelike rassevermenging.

Twee jaar na die besoek van John R Mott, voorsitter van die Internasionale Sendingraad, aan Suid-Afrika in 1934, is die Christian Council of Churches gestig. (CCSA). Die eerste president en sekretaris van die CCSA was W Nicol en John M du Toit onderskeidelik en albei was predikante van die NGK (Strassberger, 1974 : 262). Tussen die CCSA en die NGKerke was daar diepgaande verskille, onder andere oor die integrasie van swart en blank, die verdere ontwikkeling in die rigting van ‘n veelrassige samelewing en die aangaan van rasgemengde huwelike. As gevolg van hierdie verskille en ten spyte van die advies van die Naturellesakekommissie, het die NGKerke in Natal, Oranje Vrystaat en Kaap nooit lede van die CCSA geword nie. Die Transvaalse NGK was aanvanklik lid maar het later (in 1941) uit die CCSA getree omdat hulle dit nie eens kon word oor die rassevraagstuk nie.

Gedurende hierdie periode het die noodsaaklikheid vir ‘n gemeenskaplike sendingbeleid toegeneem totdat die vier Sinodes van die vier NGKerke in 1935 ‘n beleidsvoorstel van die Naturellesakekommissie insake die sending goedgekeur en aanvaar het. Die belangrike bepaling in hierdie beleidsvoorstel was dat selfstandige inheemse “dogterkerke” onder die plaaslike bevolking gestig moes word.

In 1935 het die NGK sy eerste amptelike sendingbeleid aanvaar. Kenmerkend van hierdie beleid is dat hier van “Naturelle en Kleurlinge” gespreek word as objekte van die NGK se sending. Volgens hierdie sendingbeleid is daar geen sprake van sosiale, ekonomiese en kerklike gelykstelling tussen swart en blank nie. Op grond hiervan het die Blankes aparte kerke vir “Naturelle en Kleurlinge” gestig. Die kerke vir swartmense wat as gevolg van die blanke sending tot stand gekom het, moet ontwikkel word tot selfstandige kerke en in hierdie ontwikkelingsproses funksioneer die Blanke as voog vir hulle. Hierdie sendingbeleid konstateer ook dat die “Naturelle” en “Kleurlinge” maatskaplik en ekonomies apart van die Blankes moet ontwikkel en volstaan met die praktyk van rasseseiding.

5.

Die sendingbeleid is dus 'n beleid van rassessekiding en is op die Volkskongresse van 1944 en 1947 as beleid van die Afrikaner aanvaar. Die NGK het in 1953 en 1954 konferensies met die Engelstalige kerke gereel met die doel om die kerke te oortuig van die "regverdigheid" van hierdie beleid van rassessekiding. Die Engelstalige kerke het egter hierdie beleid van rassessekiding as onrealisties, onregverdig en onskriftuurlik verwerp. Laasgenoemde kerke is voorstanders van kerklike integrasie tussen swart en blank. Die NGK het dus nie daarin geslaag om die ander kerke te oortuig om ook bogenoemde opvattinge te ondersteun en te aanvaar nie.

In die verslag getitel "Apartheid en Voogdyskap in die lig van die Heilige Skrif" het E.P. Groenewald 'n poging aangewend om bogenoemde beleid van rassessekiding "bybels te fundeer". Hy benadruk nie alleen die eenheid nie, maar ook die verskeidenheid van die menslike geslag en verklaar dat God die taal, ras- en kultuurverskille tussen mense gewil het. Hierdie "vermeende bybelse fundering" is deur die NGK op hul sinodes in 1948 en 1949 aanvaar. Op die kerklike kongres in 1950 is hierdie beleid van rassessekiding nie alleen herbevestig nie maar is daar ook 'n program aangekondig van hoe hierdie beleid geimplimenteer kan word. Hierdie kongres het die regering daarom versoek om 'n sosio-ekonomiese ondersoek (Tomlinson verslag) in te stel na die ontwikkeling van die "Bantoegebiede". Die Tomlinson kommissie was voorstander van die beleid van rassessekiding en het die beleid van rasse integrasie volledig verwerp. Die bevindinge van die Tomlinson kommissie is op die Volkskongres in 1956 aanvaar.

In 'n verslag van die Raad van NGKerke in 1956 het die NGK andermaal sy vermeende "bybelse fundering" van apartheid herbevestig. Hierdie verslag is in lyn met die van Groenewald in 1947. Die Nederlandse teoloog J C Hoekendijk het bogenoemde Volkskongres namens die Wereldraad van Kerke in 1950 bygewoon. Hy het in 'n artikel "Kerk en Ras, in het bijzonder met het oog op Zuid-Afrika" die apartheidsbeleid volledig verwerp (De Heerbaan, 4e jrg., nr. 10 (Oktober 1951), pp.253-266). Hoekendijk het die vraag aan blankes in die drie Afrikanerkerke gestel of dit nie eerliker is om in te stem dat dit in hierdie saak nie om die beskerming van die christelike beskawing gaan nie maar om die selfhandhawing van die blankes teenoor die swartes soos wat dit duidelik word uit die rasiale politiek van Suid-Afrika (De Heerbaan, 5de jrg., nr 2 (Mrt./Apr. 1952), p.60 op p.96).

Die NGK en in die besonder sy teoloe het by bepaalde sekere geleenthede allerlei pogings aangewend om hul beleid van kerklike apartheid "bybels – teologies" te regverdig. Hierdie pogings van die teoloe het onvermydelik konsekwensies gehad vir hulle verhoudinge met ander kerke binne sowel as buite Suid-Afrika. 'n Gebeurtenis aan die begin van die sestiger jare (Maart 1960) waar swartmense in groot getalle (tussen 3000 na 10000) geprotesteer het teen die paswette, het gelei tot die gewelddadige optrede van die polisie waartydens talle mense gedood en gewond is (Karis en Carter, Stanford, 1977:109). Die gevolg hiervan was dat die ANC en die PAC deur die owerheid wetlik verbied is. Hierdie gespanne situasie in die land het gelei tot die bekende Cottesloe-beraad in 1960 waar die wereldraad van Kerke en sy lidkerke in Suid-Afrika oor die krisis situasie beraadslag het. Hierdie Cottesloe konsultasie in Suid-Afrika was van groot betekenis en die verklaring wat aan die einde daarvan uitgereik is, het in kerklike sowel as politieke kringe groot opspraak verwek. Die NGK het uit protes teen die verklaring hul lidmaatskap by die Wereldraad van Kerke beëindig en hulle daarmee alhoemeer geïsoleer. Die NGK in teenstelling tot die Engelssprekende kerke het die beleid van apartheid ondersteun en geïmplementeer. Tenspyte van die gebeure van Cottesloe het die NGK bly volhard in hul "bybels-teologiese" fundering van apartheid. Die studiestukke wat in 1966 en 1974 opgestel en op hul Sinodes goedgekeur is, getuig daarvan. Trouens bogenoemde verslae is in lyn met vroeëre verslae van 1947, 1950, 1951 en 1957.

Die N G Sendingkerk en die N G Kerk in Afrika se stryd teen apartheid

In die geskiedenis van die voormalige NGSK (1881) is daar dikwels verwys na die uitspraak van die Ring van Wynberg in 1948 wat besluit het dat hulle geen Bybelse gronde vind vir die apartheidsbeleid nie. Hulle maak ook beswaar teen die voorgestelde Apartheidswette (Loff, 1998 : 234) Die Ring het terselfdertyd ook 'n versoek aan die eerskomende Sinode in 1950 gerig om hom uit te spreek oor die apartheidsbeleid en in hoeverre daar bybelse gronde vir so 'n beleid te vinde is. Sedert 1948 was daar 'n beweging teen apartheid in die NGSendingkerk. Eerwaarde I D Morkel een van die predikante in die Ring van Wynberg was die leier van die groep. Die Sinode het die versoek van die Ring van Wynberg in behandeling geneem en besluit om nie die politieke terrein te betree deur 'n spesifieke politieke beleid goed of af te keur nie (Loff, 1998: 243). Hierdie besluit is as 'n uiters teleurstellende antwoord op hulle versoek gesien. Daar was soveel lidmate van die destydse NGSending kerk wat graag 'n antwoord vanuit die Bybel wou hoor Die uiteindelijke gevolg was dat eerwaarde Morkel op 8 Oktober 1950 met 26 kerkraadslede sy bande met die NGSendingkerk verbreek het en kort daarna die Calvyn Protestante Kerk in SA gestig het (Loff, 1998 : 248)

Tydens die sinode van die NGSendingkerk in 1978 is die apartheidsbeleid indringend bespreek. Tydens hierdie sinode het dit duidelik geword om nie net bepaalde aspekte van apartheid te beoordeel nie maar om die politieke beleid self teologies te beoordeel. Die Sinode is gevra om te verklaar dat die gedwonge skeiding van mense in stryd is met die evangelie van versoening. Teologiese studente en Prof JJF Durand verbonde aan die Universiteit van Wes-Kaapland het 'n belangrike rol in die verband gespeel. Die volgende voorstel is aan die sinode voorgele en aanvaar :

“ Die kerk wil dit as sy oortuiging uitspreek dat die apartheidsbeleid soos deur die owerheid gehandhaaf, instryd is met die evangelie:

(1) omdat teenoor die evangelie van Christus se gerigtheid op die versoening van die mens met God en met sy medemens, die gedwonge skeiding van mense op grondslag van ras en kleur ten diepste gebaseer is op die oortuiging van die fundamentele onversoenbaarheid tussen mense wat op so 'n wyse geskei is;

(2) omdat die sisteem wat uit so 'n beleid na vore kom, noodwendig moes lei en gelei het tot 'n toenemende polarisasie tussen mense, veral omdat die praktyk onteenseglik aangetoon het dat binne die sisteem een bevolkingsdeel, nl. die blankes, bevoorreg is en dat daar gevolglik nie voldoen is aan die evangeliese eis dat geregtigheid aan almal sal geskied nie; en

(3) omdat daardeur nie alleen die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is, aangetas is “ (Acta Synodi, Sendingkerk 1978, p.399)

Met hierdie besluit het die Sinode die politieke beleid van apartheid as in stryd met die evangelie oftewel as sondig afgewys. Hiermee saam is ook implisiet die “sendingbeleid van apartheid afgewys (Loff, 1998 : 253). Hierdie nuwe ontwikkelinge het nou die deur ge-open vir kerkvereniging binne die familie van N G Kerke. Die kerkvereniging tussen die N G Sendingkerk en die N G Kerk in Afrika in 1994 onder die nuwe naam Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika (VGKSA) was 'n uitsonderlike en dankbare gebeurtenis in die tyd. Drie jaar later het die Evangeliese Kerk in Afrika van Namibie ook deel geword van die VGKSA.

Die voormalige N G K in Afrika was na my mening die eerste "Sendingkerk" in die familie van N G Kerke wat tydens hulle Algemene Sinode in 1975 te Worcester verklaar het dat die apartheidsbeleid in stryd is met die Skrif. Hulle is ook die eerste kerk binne die familie van NGKerke wat lid geword het van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke.

Die Wereldbond van Gereformeerde Kerke in 1982 in Ottawa

Bogenoemde ekumeniese werelddiggaam wat in Kanada gedurende 17-27 Augustus vergader het, was 'n baie belangrike byeenkoms vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Een van die brandende onderwerpe waaroor die liggaam sou handel, was die apartheidsbeleid van Suid-Afrika. Die Gereformeerde Kerke uit Suid-Afrika wat lede was van die liggaam was uiteraard baie nou by die saak betrek. Die destydse president van WBGK was dr Boesak wat ook lid was van die NGSK in Suid-Afrika. Op hierdie ekumeniese is die apartheidsbeleid grondig bespreek. 'n Verslag getitel "Racism and South Africa" is toe aan die vergadering aangebied. Die WBGK het verreikende besluite met betrekking tot Suid-Afrika en sy apartheidsbeleid geneem. Die byeenkoms het verklaar dat "The promises of God for this world and for his church are in direct contradiction to apartheid ideals and practices" (Perret,(ed.), 1982 :177) . Die NGSendingkerk het reeds in 1978 'n dergelike besluit geneem. Die WBGK het egter 'n stap verder gegaan en verklaar dat kerke wat apartheid aanvaar en verdedig "contradict in doctrine and in action the promise which they profess to believe" (Perret, (ed), 1982:177) Hierdie uitspraak is direk op die NGK en die Nederduitse Hervormde Kerk van toepassing. Die gevolg hiervan was dat die Wereldbond vervolgens verklaar :

"the General Council declares that this situation constitutes a status confessionis for our churches, which means that we regard this as an issue on which it is not possible to differ without seriously jeopardizing the integrity of our common confession as Reformed churches" (ditto,p.177-178).

Die slotsom van dit alles is dat apartheid as sonde beskou is en dat die morele en teologiese regverdiging daarvan "a travesty of the Gospel, and in its persistent disobedience to the Word of God, a theological heresy " (ditto, p. 178) is. Die gevolg van dit alles was dat die twee Suid-Afrikaanse Kerke se lidmaatskap opgeskort is totdat "their utterances and practice have given evidence of a change of heart" (ditto,p.179).

Die voormalige NGSK het op sy sinode besluit :

"Omdat die sekulere evangelie van Apartheid ten diepste die belydenis van versoening in Jesus Christus en die eenheid van die Kerk van Jesus Christus in sy wese bedreig, verklaar die N G Sendingkerk in SA dat dit vir die Kerk van Jesus Christus 'n Status Confessionis daarstel" (Acta Synodi NGSendingkerk 1982,p. 706)

In die lig van bogenoemde is verder besluit :

"Ons (die sinode) verklaar dat apartheid (afsonderlike ontwikkeling) 'n sonde is, dat die morele en teologiese regverdiging daarvan 'n bespotting van die evangelie is en dat sy volgehoue ongehoorsaamheid aan die Woord van God, 'n teologiese kettery is" (Acta Synodi, NGSendingkerk 1982:706)

8.

Die sinode het spoedig hierna ook besluit 'n kommissie te benoem om as uitvloeisel van 'n status confessionis teenoor die apartheid 'n belydenis op te stel en aan die sinode voor te lê vir goedkeuring. Die Belhar belydenis wat toe opgestel en in 1986 deur die sinode goedgekeur is, is 'n bewys dat die N G Sendingkerk finaal gebreek het met die N G Kerk se beleid oor rasse-en volkereverhoudinge en ook die gedagte asof die N G Sendingkerk 'n kerk is slegs vir "Kleurlinge" (Cloete & Smit –red.- 'N Oomblik van Waarheid, Tafelberg :Kaapstad :1984 ; Botha & Naude – Op pad met Belhar, J L van Schaik, Pretoria : 1998) Nog 'n saak waaroor die sinode hom moes uitspreek was die volgende:

"Die NG Kerk glo, na die (NGS)Sinode se oortuiging, in die evangelie van apartheid wat direk in stryd is met die Evangelieboodskap van versoening en die sigbare eenheid van die Kerk. Daarom bring die Sendingkerk se besluit van 1978 mee dat hy nie anders kan as om met die diepste leedwese die NG Kerk van teologiese kettery en afgodery te beskuldig nie, gesien in die lig van haar teologiese geformuleerde standpunt en die implimentering daarvan in die praktyk. Die NG Sendingkerk doen hierdie oproep in diepe ootmoed en selfondersoek dat ons nie 'terwyl ons vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie', 1 Kor. 9:27 (Acta Synodi NGSendingkerk 1982 :714)

Tydens die byeenkoms van die Wereldbond van Gereformeerde Kerke in 1982 te Ottawa Kanada, is die NGKerk se lidmaatskap as gevolg van hulle goedkeuring van die apartheidsbeleid opgeskort tot tyd en wyl hulle die genoemde beleid afkeur. Die NGKerk is versoek dat hulle die apartheidsbeleid onvoorwaardelik moet as in stryd met die christelike leer moet verwerp (Reformed World vol. 47 Numbers 3 & 4 Sept. & Dec. 1997, pp.221-223). Die N G Kerk is versoek dat hulle op hul sinode van 1998 die volgende besluit moet goedkeur:

i) "The DRC must "reaffirms its repudiation of any theological justification of apartheid as a matter of status confessionis for the churches inasmuch as such a theological justification is a travesty of the gospel and in its persistent disobedience to the Word of God, a theological heresy.

ii) As part of this action, the Dutch Reformed Church through its General Synod, meeting in 1998, within the framework of the decision of WARC assures the churches of the Alliance that it rejects apartheid as wrong and sinful not simply in its effects and operations but also in its fundamental nature.

iii) WARC pledges to continue to work pastorally with the Dutch Reformed Church and other churches in Southern Africa in the process of unity and reconciliation.

iv) Upon approval of this joint resolution by both the General Council of the World Alliance of Reformed Churches in 1997 and the General Synod of the Dutch Reformed Church in 1998, the suspension of the Dutch Reformed Church in the Alliance will be lifted". (ditto, p. 222)

Met die goedkeuring van hierdie besluit deur die NGK in 1998 is hulle lidmaatskap in die WBGK herstel.

Die NGK het hom in 1998 ook gewillig verklaar om die aanvaarding van die Belydenis van Belhar te oorweeg asook om betrokke te wees by die eenwordingsproses by die ander kerke in die familie van NGKerke.

Hierdie is 'n belangrike fase in die geskiedenis van die familie van NGKerke. Die vrymoedigheid om voortaan saam te werk in belang van Gods koninkryk, insluitende die saak van kerkvereniging asook die rol wat ons kan speel in die samelewing in die algemeen, is 'n belangrike uitdaging.

Konklusie

1. Die noue verstrengeling tussen die N G Kerk en die apartheidsbeleid het 'n negatiewe invloed gehad op hul sendingteologie en sendingpraktyk asook vir sover dit hulle ekumeniese verhoudinge binne die familie van NGKerke geraak het.
2. Die voormalige N G Sendingkerk en N G Kerk in Afrika het op 'n vroeg stadium tot die insig gekom dat hul aparte kerke teologies en missiologies foutief is. Hulle het as gevolg daarvan nie net verenig nie maar ook aangesluit by binnelandse en buitelandse ekumeniese liggame. Hulle het aangesluit by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en die Wêreldraad van Kerke.
3. Die beleid van die stigting van aparte kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe was nie net negatief vir die kerke self nie maar ook vir die breër samelewing waarin christene moes leer om hulle politieke, ekonomiese en sosiale verantwoordelikhede na te kom.
4. Kerkvereniging in die familie van NGKerke hang myns insiens ten nouste saam met ons christelike getuienis in woord en daad.

Verwysings

1. Coertzen, P (red.) 2002 350 Jaar Gereformeerd. Bloemfontein : C L F -Drukkers
2. Strassberger, E 1974 Ecumenism in South Africa. Johannesburg : South African Council of Churches.
3. Dreyer, A 1927 Kruisgesante in Suid-Afrika Kaapstad :
4. Gerdener, G B A 1958 Recent Developments in the South African Mission field Kaapstad : N G Kerk-Uitgewers
5. Van der Watt, P B 1987 (Deel Vier) Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905 - 1975 Pretoria : N G Boekhandel Transvaal
6. Van der Watt, P B 1980 (Deel Drie) Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1824-1905 Pretoria : N G Boekhandel Transvaal
7. Van der Watt, P B (Deel Twee) Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1834 1866) Pretoria : N G Boekhandel Transvaal
8. Van der Watt, P.B. (Deel Een) Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Pretoria : N G Boekhandel Transvaal
9. Cronje, J M 1980 Aan God die dank. Deel 2 N G Boekhandel, Pretoria
10. Crafford, D 1982 Aan God die dank. Deel 1 Pretoria : N G Boekhandel
11. Adonis, J C 1982 Die afgebreekte skeidsmuur weer opgebou. Amsterdam : Rodopi
12. Van der Merwe, W J 1985 Die pad vorentoe. Die N G familie se strewe na eenheid Kaapstad : N G Kerk-Uitgewers
13. Gerdener, G B A 1952 Die Blye Boodskap deur Drie Eeue in Suid-Afrika
14. Lombard, R T J 1981 Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en rassepolitiek 1948 – 1961, Silverton: N G Kerkboekhandel Tvl.
15. Davenport T R H 1978 South Africa : A Modern History
16. Grosskopf, J W F 1932 Plattelandsverarming en Plaasverlating Stellenbosch
17. Hoekendijk, J C Okt. 1951, De Heerbaan 4de jrg., nr. 10 (Okt. 1951), pp.253-266
18. Hoekendijk, J C 1952, De Heerbaan nr 2 (Mrt/ Apr. 1952)
19. T Karis & G M Carter (eds), 1977 From Protest to Challenge, Vol. 3 (Stanford) p. 333
20. Loff, C J A, 1998 Bevryding tot Eenwording. Theologiese Universiteit van de Gereformeerde Kerken in Nederland
21. Perret, (ed), E 1982 Proceedings of the 21st General Council of the World Alliance of Reformed Churches (Presbyterian and Congregational) held at Ottawa Canada August 17-27, 1982 Geneva.
22. Acta Synodi N G Sendingkerk 1982, p.706
23. Reformed World vol. 47 Numbers 3 & 4 September & December 1997, pp.221-223